

16 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 6:37-49
Fokusgedeelte: Lukas 6:46-49

In wie se naam wil jy lewe en sterwe?

Jesus eindig sy bergrede deur weer eens te verwys na die twee groepe mense wat na Hom luister. Die een groep luister en noem Hom selfs "Here, Here!", maar dit is waarby dit eindig. Dit ontbreek hulle aan daadkrag. Die ander groep gaan egter verder en dóén ook wat die Here sê. Dit is dus duidelik dat dit in die koninkryk van die hemele nie gaan oor die Woord "as sodanig" nie, maar wel oor **die Woord wat gedóén word!**

Uiteindelik moet hierdie twee groepe mense ook voor die troon van God verskyn om geoordeel te word. Jesus illustreer hierdie dag van krisis met die beeld van twee bouers wat hulle huise onderskeidelik op die rotsbank en sommer so op die grond gebou het. Die bouer wat diep ingegrawe en sy fondament op die rots gelê het, word in Matt 7:24 'n "verstandige man" genoem. Toe die storm van die wederkoms en die Goddelike oordeel oor hierdie huis losgebreek het, het dit ongeskonde bly staan. Die tweede man word 'n "dwaas" genoem, want in die krisis van die storm is sy huis in 'n puinhoop verander omdat die fondament ontbreek het.

Wat is die dieper geheim van hierdie twee bouers en hulle huise? Wat ons bo alles moet weet, is dat Jesus Christus – die Woord wat mens geword het – ten diepste die rots is waarop die verstandige man gebou het. Dit beteken dat hierdie man Hom volledig in Christus se geregtigheid verskans het en dus vir sy saligheid volkome op Hom alleen vertrou het! Die dwase bouer, daarenteen, het gemeen om uit eie krag aan die eise van die koninkrykswet te voldoen en in sy eie geregtigheid voor God te verskyn. Met tragiese gevolge vir hom en almal wat soos hy dink.

Op die dag van God se oordeel word jou hele lewe gereduseer tot 'n enkele vragie: "Wat het jy gedoen met die Woord van God?" Meer in besonder: "Wat het jy gedoen met Jesus Christus?" Daarby staan of val alles. Maak betyds seker dat jou huis op die rotsbodem staan. Op die dag wanneer God oordeel, word geen ander geregtigheid as net die geregtigheid van Christus aanvaar nie!

Sing: Skrifberyming 10:1 e v

Ds JJ Cloete (Koster)